# SASTRI KOLLEGE

## SEPTEMBER BEHEERDE TOETS 2018

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 8

AEQUAM SERVARE MENTEM

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Eksaminatrise:** | Mej. P. Govender | **Punte:** | 40 |
| **Moderatrise:** | Mev. A. B. Mullah | **Tyd:** | 1uur |

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye

### INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings.
2. Beantwoord alles (answer everything) in die vraestel.
3. Gebruik dieselfde nommers (use the same numbers).
4. Skryf netjies en leesbaar (Write neatly and legibly).

# AFDELING A:BEGRIPSTOETS [20]

## VRAAG EEN

Lees die storie en beantwoord die vrae

### Samantha en Tinkerbel se nuwe maats

1 Eendag was daar 'n dogtertjie met die naam Samantha. Sy het saam met haar ma en ouma in 'n klein huisie gebly in Elarduspark. Elke dag na skool moet sy haar ma help in die huis. Sy moes help kos maak en huis skoon maak. Nadat sy haar moeder gehelp het met die werkies kon sy met haar hondjie, Tinkerbel, in die parkie gaan speel. Daarna moet sy haar skoolwerk doen. Samantha werk hard en doen altyd haar skoolwerk, want sy wil graag eendag 'n veearts word, sodat sy baie diere kan help.

2 Een middag toe Samantha in die parkie aankom is daar 'n seun met sy hond in die parkie. Hy gooi vir sy hond 'n mooi rooi bal, sy hond vang dit en bring dit weer vir hom terug. Vir Tinkerbel lyk dit te veel na pret en sy wil sommer saam speel.

3 "Hallo, my naam is Tshepo, en dis my hond Rower, hy is blind". "Wat is jou naam?" vra Tshepo. Samantha vergeet skoon om te sê wat haar naam is, sy het nog nooit 'n blinde hond gesien nie. "Hoe kan hy dan sien om die bal te vang?" vra Samantha. "Hy luister na die klokkie in die bal en na my stem, ons oefen al vyf jaar". "Wil jy hom vryf, hy sal jou nie byt nie?" sê Tshepo.



4 Tshepo en Samantha raak sommer vinnig goeie maats en die honde speel ook lekker saam. Tshepo vra of hy 'n foto van hulle kan neem met sy kamera, voordat Samantha moet huis toe gaan. Tshepo neem 'n foto en groet sy nuwe maats omdat hy ook moet huis toe gaan. Daarna hardloop Samantha huis toe, sy kan nie wag om vir haar ma van haar en Tinkerbel se nuwe vriende te vertel nie. Vir haar was dit 'n besonderse dag.

**Woordelys**

| | Afrikaans | | Engels |
|---|---|---|---|
| 1. | parkie | → | park |
| 2. | moeder | → | mother |
| 3. | veearts | → | vet |
| 4. | pret | → | fun |
| 5. | blind | → | blind |
| 6. | vergeet | → | forget |
| 7. | nooit | → | never |
| 8. | luister | → | listen |
| 9. | klokkie | → | bell |
| 10. | stem | → | voice |
| 11. | oefen | → | practise |
| 12. | foto | → | photo |
| 13. | kamera | → | camera |
| 14. | groet | → | greet |
| 15. | nuwe | → | new |
| 16. | maats | → | friends |

## VRAE:

1.1 Kies die korrekte antwoord.

1.1.1 Wat is Samantha se hondjie se naam?

a) Tshepo
b) Tinkerbel
c) Rower
d) Wollie (1)

1.1.2 Waar gaan Samantha met haar hondjie speel?

a) In die sneeu
b) In die parkie
c) In die boomhuis
d) In die see (1)

1.1.3 Wat wil Samantha eendag word as sy groot is?

a) 'n Dokter
b) 'n Veearts
c) 'n Joernalis
d) 'n Kelner (1)

1.3 Noem twee goed wat Samantha eers moet doen voordat sy in die parkie kan gaan speel? (*par. 1*) (2)

1.4 Wat moet Samantha doen nadat sy klaar met haar hondjie gespeel het? (*par. 1*) (1)

1.5 Wie woon ook saam met Samantha en haar ma in die huis? (*par. 1*) (1)

1.6 Dink jy Samantha hou baie van diere? (*par. 1*)
1.6.1 Sê JA/NEE (1)
1.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.7 Hoe lank oefen Tshepo en sy hond al? (1)

1.8 Verduidelik hoe Tshepo se hond die bal kan vang? (1)

1.9 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord deur ń sin uit die teks te haal.

1.9.1 Tshepo en Samantha hou nie juis van mekaar. (2)
1.9.2 Samantha het nie haar dag geniet nie. (2)

**(15)**

## Vraag Twee (5)

**Lees die brief en beantwoord die vrae wat volg.**

Liewe Piet

Ek hoop my brief is ń verrassing. Toe ek verlede week hoor dat jy so gedoen het by jou inter-skoolse-atletiek, was ek baie trots op jou. Ek voel so belangrik as my kleinseun so mooi presteer. Veels geluk, my kind. Ek stuur jou present saam met die brief. Ek hoop jy geniet die kamera want dit is iets wat jy altyd wou hê. Ek hoop om jou gedurende die Junie vakansie op die plaas te sien. Mooi bly!

Jou Oupa

2.1 Wie is die skrywer van die brief? (1)

2.2 In watter sport het Piet baie goed gedoen? (1)

2.3 Watter present het Oupa vir Piet gestuur? (1)

2.4 Oupa bly in die stad.

2.4.1 Sê JA of NEE


2.4.2 Motiveer jou antwoord (2)

[5]

# AFDELING B: TAAL

## VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die volgende taalvrae:



### 3.1 Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD

3.1.1 Die pasiënt lê onder 'n kombers. (1)

3.1.2 Die klein seuntjie wil in die huis dans. (1)

### 3.2 Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD

3.2.1 Al die mense kyk na die siek pasiënt. (1)

3.2.2 Baie toeskouers is by die ongelukstoneel. (1)

### 3.3 Gee die MEERVOUD vir die woorde tussen hakkies

3.3.1 Daar is ń meisie wat langs haar (vriendin) sit. (1)

3.3.2 In die ope lug, lyk die (ster) mooi. (1)

### 3.4 Gee die VERKLEININGSVORM vir die woorde tussen hakkies.

3.4.1 Voor die ambulans is ń klein (motor). (1)

3.4.2 Die pasiënt lê onder 'n klein (kombers). (1)

**3.5 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE tussen hakkies.**

3.5.1 Die jongmense is besig om te dans. Hulle stel nie belang in die ongeluk nie.(daarom) (1)

3.5.2 Daar is liggies in die boom. Daar is ń partytjie. (want) (1)

3.5.3 Die musiek is hard. Die jongmense hou om te dans. (omdat) (1)

**3.6 Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDEVORM.**

3.6.1 Die hond het die ongeluk veroorsaak. (1)

3.6.2 Die jongmense hou altyd partytjie. (1)

3.6.3 Het iemand die ambulans gebel? [Begin so: Nee,...] (1)

**3.7 Kies die korrekte antwoord tussen hakkies.**

3.7.1 In die prent kyk die hond (vir/na) die meisie. (1)

3.7.2 Die dokter het (per/te) motor gery. (1)

3.7.3 Die ambulans is (groter/grootste) as die motor. (1)

3.7.4 Hulle het vir (twee uur/twee-uur) gedans. (1)

**3.8 Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE**

3.8.1 Die rolskaatsryer sê: "Ek sal hier bly." (2)

[20]

**GROOT TOTAAL: 40**